**Dinsdag 21 Julie**
**Skrifgedeelte: Jesaja 7:10-25 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Jesaja 7:13**
**In vertroue bly ons behoue!**

Koning Resin van die Arameërs en koning Peka van Israel wou vir Agas, koning van Juda, in hulle anti-Assiriese koalisie in dwing. Agas het geweier en gaan hulp soek by die koning van Assirië. Hieroor het die twee konings die lewe vir Agas ondraaglik gemaak. Groot benoudheid het oor hom gekom. Dit is krisistyd vir hom en sy volk.

Die Here stuur vir Jesaja en sy seun na Agas met 'n goddelike boodskap:

- Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie!
- Die twee konings is net brandhout wat rook.
- 'n Oorwinning oor Juda sal nie gebeur nie.
- Die naam van Jesaja se seun het die boodskap gedra dat 'n oorblyfsel sal terugkeer.
- Die kernboodskap aan Agas was: Glo die Woord van die Here! Vertrou die Here en moenie op eie vermoëns staat maak nie. Maar as julle nie glo nie, sal julle ook nie standhou nie (vs 9).

Agas kon selfs 'n teken vra ter bevestiging van die Here se trou teenoor sy volk. Agas weier egter: *Ek sal niks vra nie, ek sal die Here nie tart nie*. Sy weiering klink vroom, maar is 'n skans om sy ongeloof te verberg.

Die Here gee nogtans aan Agas 'n teken. 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem. Hierdie kind sal daagliks met sy naam teen Agas se ongeloof getuig, want Immanuel beteken "God is by ons".

Vanweë Agas se ongeloof sal die Here hom en die volk met 'n vernietigende oordeel tref (7:9, 17; 8:3). Sy verwerping van "God met ons" veroorsaak "God teen ons" in die vorm van verwoesting deur Assirië.

Matteus verbind die profesie van Jesaja 7 met die koms van Jesus Christus na die wêreld. Hy is Immanuel – God met ons (Matt. 1). Sy sterwe, opstanding en hemelvaart getuig van God se diep omgee vir sy kinders. Jesus Christus het self ook gesê: *En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld* (Matt. 28:20).

Glo Hom, vertrou Hom, neem Hom op sy Woord te midde van uitdagende en moeilike tye in jou lewe. Maar besef dan ook: Wie Hom wegwys in vertroue op mense en eie vermoëns, kom in God se gerig!

*Sing: Psalm 146-1:2, 3*
*Ds. BR (Reinder) Kingma (Bellville-Oos)*